# Die 90's deur die kameralens van Jan Hamman

"Jy kan met 'n kamera 'n storie seker veel beter vertel as in woorde. In die tyd waarin ons lewe, is mense meer visueel ingestel. Hulle kyk TV en na prente rondom hulle. Ek dink 'n prentjie steek langer in die menslike geheue vas as 'n woordelikse beskrywing," verduidelik Jan Hamman (52) hooffotograaf van die Johannesburgse dagblad, *Beeld*. Hy behoort te weet. Vir ruim 30 jaar is hierdie bekroonde fotograaf[1] reeds besig om deur die lens van 'n kamera visueel verslag te lewer oor gebeure wat daagliks duisende Suid-Afrikaners daartoe in staat stel om deur middel van die koerant ingeligte menings te vorm.

Op versoek van *Historia* het hy 'n versameling van sy foto's saamgestel wat vir hom die 1990's verteenwoordig. Jan Hamman erken hy is nie 'n historikus nie. Ook is sy belangstelling as fotograaf nie uitsluitlik by die politiek nie. Hy het 'n voorliefde vir sportfotografie. Tog is daar sekere gebeure in 'n stormagtige dekade wat, by nabetragting, vir hom uit staan. In baie opsigte is sy seleksie nie gebaseer op historiese relevansie nie, maar veel eerder daardie ervaring wat hy as nuusfotograaf meegemaak het.

'n Onderhoud van nagenoeg vier ure het op Maandagaand 12 April 1999 by die fotografiese afdeling van die koerantkantore in Doornfontein, Johannesburg, plaasgevind. Dit was, so ver dit die persmense betref, 'n 'rustige' tyd van die dag. Die eerste uitgawe van die volgende koerant sou oor sowat twee ure 'bed' toe gaan en daar was geen spoedeisende gebeure wat nuusdekking moes kry nie. Jan Hamman, geklee in sy kenmerkende netjiese donker broek, wit hemp en elegante das, gee die versekering dat hy die tyd het en dat dinge nou rustig gaan. Hy vra verskoning vir noodssaaaklike onderbrekings. Voortdurend moet hy fotograwe te woord staan vir 'n kort bespreking van opdragte. Daar is ook die telefoonoproepe van die nagkantoor se mense wat een en ander oor 'n foto wil weet of meer inligting vir redigeerdoeleindes soek.

Later, namate ons in meer detail oor die fotograaf as nuusmens gesels, skakel hy homself heeltemal van die buitewêreld af om oor sy passie - nuusfotografie - en die negentigerjare te gesels.

---

Gedurende die 1990's het Jan Hamman se naam telkens gepronk op die lys van die voorste persfotograwe wat om die gesogte Fuji Persfotograaf van die Jaar meegeding het. In 1994 was hy Persfotograaf van die Jaar. Die volgende jaar was hy naaswenner en in 1996, 1997 en 1998 het hy eervolle vermeldings gekry. In 1996 was hy ook die Fotografiese Vereniging van Suid-Afrika se Fotograaf van die Jaar (kategorie: afdrukke).

*Historia* 44(1), Mei 1999, pp. 217-236.

In 'n filosofiese luim verduidelik hy, was daar in die '90's hoogtepunte en laagtepunte. Sy kriteria is opvallend nie-sensasioneel. Globale samehang is daar ook nie. Veel eerder gaan dit by Jan Hamman as fotograaf oor basiese emosies soos blydskap, hoop en smart. Dit gaan in baie opsigte oor die gevoelens wat mense onder verskillende omstandighede ervaar. Die gedagte aan omvangryke betekenis is afwesig. As waarnemer van die wêreld rondom hom, gaan dit vir hom om die momentele voorwerp wat vir daardie vlietende oomblik kom. Dit moet deur die fotograaf deur die lens van die kamera verewig word. As fotograaf dink hy op daardie moment nouliks oor die langtermyn betekenis. Dit gaan bloot oor die visuele weergawe van menslike smart of blydskap op 'n bepaalde tydstip.

Die tyd sal die visuele voorstelling se waarde bepaal namate die gebeurtenis deur die historikus in konteks geplaas word.

Jan Hamman sonder dan enkele van sy hoogtepunte uit as: Frith van der Merwe se glansvertoning in die Comrades Marathon van 1991, toe sy die manne stof in die oë gehardloop het; die Rugby Wêreldbeker van 1995; die besoek van die Rolling Stones; en Jehudi Menuhin se besoek aan Suid-Afrika in 1996. As rugbyliefhebber en fotograaf was 'n spesiale hoogtepunt vir hom die 1992-toer van die Springbokke na Frankryk en Engeland. Hy het hulle as persfotograaf vergesel en onthou nog goed hoe Naas Botha sy laaste wedstryd in die Springboktrui op Twickenham gespeel het.

Die politieke gebeure van belang vir Jan in die negentigerjare was die vrylating van mnr. Nelson Mandela, die verkiesing van April 1994 en die inhuldiging van die President in Mei 1994.

Die laagtepunte van die negentigerjare was sy kennisname en visuele weergawe, vir nuusdoeleindes, van die toenemende armoede waarin die inwoners van Suid-Afrika gedompel is. Saam daarmee het hy, ná 'n werksbesoek aan Zambië, bewus geword van die mens se versugting na water. Terug in Suid-Afrika het hy as nuusfotograaf probeer om in sy foto's verslag te doen oor die swaarkry wat miljoene Suid-Afrikaners ervaar wanneer hulle in lang toue by krane moet staan of kilometers ver moet stap om water te kry.

"Ek het besef watter voorreg dit is om ná 'n lang dag se werk in 'n warm bad te kan klim. Dit is vir my lekker om te weet daar is nou aansienlik meer mense as voorheen wat 'n kraan in hulle huise kan oopdraai," verklaar hy.

Die momentele laagtepunte van die dekade het vir Jan Hamman ook op die sportveld plaasgevind. As voorbeelde wys hy die skorsing van Pieter Hendriks uit die Springbokspan ten tyde van die Rugby Wêreldbeker van 1995 en 'n mislukte skop van Theo van Rensburg wat die Springbokke, kort ná hul terugkeer tot internasionale rugby, 'n toetsreeks teen die Franse gekos het.

In die alledaagse lewe was 'n laagtepunte van die 1990's die modder slikstorting by Merriespruit in die Vrystaat. Hy onthou nog goed hoe hy as persfotograaf kaalvoet deur die verlate strate van die eens besig nywerheidsdorpie gewandel het, op soek na beeldmateriaal. Hy het 'n man in die verlate dorp teëgekom wat met 'n graaf besig was om onverpoos die modder voor sy huis weg te skep. By navraag het die man verduidelik dat sy vrou ten tyde van die ontruimingsproses die vorige nag deur die modder weggesleur is. Hy het die volgende dag steeds na haar bly soek.

As fotograaf het Jan Hamman die politieke veranderinge in Suid-Afrika aan die begin van die dekade eerstehands beleef. "Ek het gou besef dat dinge heeltemal gaan verander ná die verkiesing van 1989. Die aankondiging van 2 Februarie 1990 het my vermoede versterk. Protesoptogte en betogings, soos dié tydens die kriekettoer van Mike Gatting, het die plek van gewelddadige onrus ingeneem. Dit was asof almal rondom jou, saam met jou besef het dat die politieke bestel waarin ons was, nie meer aan die eise van die tyd voldoen het nie."

Op die politiek front was die samesprekinge tussen die leiers van die verskillende partye by Kodesa by menige geleentheid vir die nuusfotograaf die kans om gesigsuitdrukkings van die hooffigure in die drama rondom onderhandelinge waar te neem en dan in beeld te verewig. In vele opsigte, laat blyk hy, het die fotografiese beeld van die samesprekinge op 'n besondere manier die verhaal van die snel oordraging van mag vertel.

As nuusfotograaf het Jan Hamman die gebeure rondom die Hani-moord, kort voor die verkiesing eerstehands deurleef.

"Die Hani-moord was 'n groot laagtepunt. Ek dink altyd in terme van Chris Hani as die vader van jong kinders. Dit is wat jou die hardste tref. Ek het ongelukkig daaroor gevoel. Dink net, helder oordag by jou eie huis ..... Ek het 'n punt daarvan gemaak om die begrafnis by te woon. Ek wou graag daar gewees het. Persoonlik het ek vreeslik vir die vrou en kinders gevoel. Ek dink kinders sien op na hulle pa. Om so iets te beleef, het my getref."

"Dit was nogal 'n openbaring vir my om tydens die begrafnis so naby en tussen die mense te wees. Mens is maar mens. En om ook te kan huil ....."

Die Nuwe Suid-Afrika het 'n eiesoortige karakter gekry. Vanuit 'n negatiewe invalshoek was die misdaadgolf 'n uitstaande kenmerk. Persfotograwe kry daagliks met die slagoffers van motorkapings, rooftogte en sinnelose geweld te make. Vir Jan Hamman is dit opvallend en ietwat eienaardig dat mense op die toneel waar bankrowers doodgeskiet is, kan saamdrom en hul goedkeuring uitspreek oor die feit dat die mense gedood is.

Die land en sy mense is besig om 'n harde gesig vir misdaad te wys, verduidelik hy. Opsluit gaan dit oor vryheid. "As jy op straat kan loop sonder om bang te voel dat iemand jou gaan beroof, is dit vryheid. Om sonder vrees

deur die stad se strate te kan stap is om vryheid te ervaar. Om langs die pad te stop en jou padkos te eet, sonder om bedreig te voel, is vryheid."

Hy voel dat soveel opofferings in terme van menselewens sedert Soweto in 1976 gemaak is. Om dit nou as gevolg van misdaad ongedaan te maak, sou die Suid-Afrikaanse bevolking tot oneer strek.

Maar wie is Jan Hamman?

Jan Gerson Hamman is op 4 Julie 1947 in Upington in die Noord-Kaap gebore. As kannetjie was hy gaande oor sport. Hy het self aan atletiek deelgeneem, maar sy lewe het 'n nuwe wending geneem nadat hy met 'n klein kamera by 'n plaaslike skole atletiek byeenkoms twee atlete by die wenpaal afgeneem het.

'n Apteker op die dorp het Jan gehelp om sy foto's te ontwikkel. Die gogga van fotografie het hom finaal gebyt toe hy later self begin het om in die badkamer by die huis sy eie foto's te ontwikkel. Hy verduidelik: "Dit was wonderlik om te sien hoe die foto voor jou oë in die donker kamer gestalte aanneem."

Tussen 1964-6 was Jan by die Suid-Afrikaanse Lugmag se elektro-tegniese afdeling op kommunikasielyne werksaam. Hy het egter meer tyd in die lugmag se fotografie-afdeling deurgebring.

In 1966 het hy by die Publisiteits- en Reisafdeling van die Suid-Afrikaanse Spoorweg en Hawens-administrasie as fotograaf diens aanvaar. Onder die bekwame leiding van die hooffotograaf, mnr. Ralph King, 'n Australiër, is Jan Hamman aan 'n praktiese en teoretiese opleiding blootgestel. Hy het geleer hoe om alle formate kameras te gebruik. Terselfdertyd het hy spesialisopleiding in die ontwikkeling van foto's deurgemaak. Daar is hy geleer hoe om die publisiteitsfoto as kunsvoorwerp te komponeer.

Sy passie vir fotografie was groot en sy belangstelling veel meer omvangryk as wat sy werk van hom in daardie stadium vereis het. Gedurende middagetes het Jan van die kantoor weg geglip met sy eie 'n *Miranda* kamera en by die Oppenheimerfontein in Johannesburg se middestad van handsakdiewe gaan foto's neem. Later het hy 'n reeks foto's saamgestel van hierdie misdaad wat die polisie in die sestigerjare hoofbrekens besorg het. Hy het die foto's aan die destydse *Rand Daily Mail* verkoop.

By geleentheid het hy as fotograaf ook die uitsonderlike geleentheid gehad om 'n Boeing op die destydse lughawe Jan Smuts af te neem wat 'n noodlanding moes maak. Op een van die foto's was 'n kabinetsminister, mnr. Blaar Coetzee, wat op die vliegtuig was. Die volgende dag het Jan Hamman twee foto's op die voorblad van 'n Johannesburgse dagblad gehad.

Intussen het hy in 1969 deeltyds as sportfotograaf by die destydse *Sunday Express* begin werk. Jan se vader was fanaties oor rugby. Ook Jan. Hy het die spel goed verstaan en het daarin geslaag om die tipe foto te neem wat die

verhaal van die wedstryd vertel. Hierdie aanvoeling vir die spel en sy vaardigheid as fotograaf het tot gevolg gehad dat Jan deur Gert Hattingh, die destydse hooffotograaf van *Die Transvaler*, raakgesien is. In 1971 het Jan Hamman persfotograaf geword. Dit sou bykans alle fasette van sy lewe oorheers.

Hy het alle fasette van persfotografie gedoen. Hy het sy werk ernstig opgeneem - in so 'n mate dat toe daar by geleentheid 'n aantal petrol opgaartenks op 'n Saterdag in 1972 in Alberton aan die brand slaan, het hy, blind vir alles om hom heen, eers op die storie uitgegaan. Dit was die oorsaak daarvan dat hy twee uur te laat vir sy eie verlowingspartytjie opgedaag het.

"My vrou het gelukkig verstaan waarmee ek besig was. Sy het geweet wat my werk is," verduidelik hy.

In 1973 het Jan Hamman hooffotograaf by die Sondagkoerant *Rapport* geword en 'n lang paadjie saam met reuse van die Afrikaanse joernalistiek, soos redakteur Willem Wepener, Ton en Lorna Vosloo, Freek Swart, Gielie de Kock en Fritz Badenhorst geloop. In Januarie 1975 het hy hooffotograaf by die jong dagblad, *Beeld*, geword. Met uitsondering van vier maande in die tagtigerjare, was hy voortdurend in die diens van die koerant.

Dit was in die gejaagde lewe van die dagblad waar die gulsige pers voortdurend soos 'n honger dier op die jongste nuus en foto's gewag het, dat Jan Hamman sy produktiewe jare as fotograaf deurgebring het. Hy het groot hoogtes bereik en is telkens bekroon vir sy werk.

Opsluit bly hy steeds net 'n fotograaf en gewone mens met 'n liefde vir die natuur. Jan is 'n ywerige voetslaner. Hy besoek graag Namakwaland in blomtyd, en wildtuine soos die Kalahari Gemsbokpark asook die nasionale Krugerwildtuin. Sy getroue kamera is altyd byderhand.

Om van die alledaagse frustrasies ontslae te raak, gaan hy dikwels in die oggende voor werk, na die Rondebult Voëlreservaat by Germiston. Hy verklaar: "Net vir 'n halfuur gaan neem ek voëls af. Dit is 'n manier vir my om na die werklikheid terug te kom."

Om aan die hoof te staan van 'n span fotograwe wat enige oomblik van die dag gereed moet wees om nuusfoto's te neem is 'n uitdaging. Jan Hamman maak egter daarvan werk om voortdurend as fotograaf deel van die aksie te wees.

'n Ander uitdaging vir hom is die snelle tegnologiese ontwikkeling wat in die perswese en die fotografie tans aan die orde van die dag is. Jan Hamman maak voortdurend daarvan werk om, selfs in sy vrye tyd, die jongste tegnologie onder die knie te kry. Die oorskakeling na elektroniese ontwikkeling van foto's wat per rekenaar op die blad geplaas word, was 'n groot aanpassing.

Dit is, anders as in die era van donkerkamerfotografie, nou moontlik om die illustrasie met die rekenaar te manipuleer. Daaroor voel hy sterk.

"Ek is heeltemal gekant teen die manipulering van nuusfoto's. Ek glo nie 'n foto moet enigsins verander word nie, anders gaan mense (die lesers) jou (as fotograaf) nie meer glo nie. Hulle gaan twyfel in alles wat jy hulle aanbied. Die koerante self het 'n beleid wat hulle sal moet toepas met die geskandeerde foto's wat hulle met rekenaar kan manipuleer. Indien daar enige manipulasie is, moet hulle dit in die onderskrif vermeld."

Benewens etiese aspekte, is hy ook bewus van die veranderende aard van die media. Elektroniese koerante sien Jan Hamman as 'n geleentheid vir die uitgewer en die fotograaf om wêreldwyd nuus-illustrasies beskikbaar te stel. Daar is ook ekonomiese voordeel uit die onderneming te put. Dit mag ook die geleentheid bied vir die bewaring van die magdom foto's wat daagliks geneem word. Hy besef dat historici in die toekoms 'n daadwerklike behoefte aan beeldmateriaal van die twintigste eeu sal ervaar. Die koerantargiewe sal dan maklik en funksioneel toeganklik vir die navorser moet wees. [2]

*Redakteur*



Jan Hamman

---

2 'n Uitstalling van die meegaande (en ook ander) foto's van Jan Hamman is beskikbaar vir uitstaldoeleindes by departemente geskiedenis aan Suid-Afrikaanse universiteite. Vir meer inligting rig 'n epos aan die Redakteur by gskjwnt@puknet.puk.ac.za




**'n Groep betoog teen die Britse krieketspan onder leiding van Mike Gatting by die hotel in Kimberley waar die krieketspelers in Januarie 1990 tuis gegaan het.**



**Koning Goodwill Zwelithini van die Zoeloes by 'n saamtrek in Johannesburg in 1991.**



**Sterre van die Comrades wedloop, Frith van der Merwe en Bruce Fordyce in gesellige luim tydens die Comrades van Mei 1991.**



**Mejuffrou Suid-Afrika 1991, Diana Tilden-Davies.**



**Mnre. F.W. de Klerk en Nelson Mandela by Kodesa 15 Mei 1992.**



**Me. Helen Suzman by Kodesa 15 Mei 1992.**



**Twee seuns van die Zevefontein- en Bloubosrand plakkerskamp wag geduldig hul beurt af in 1992 om water vir hul gesinne te tap.**



**'n Dogter omhels haar vader ('n mynwerker) wat ná 'n rotsstorting ondergrond vasgekeer was. Oktober 1993.**



**'n Verslae Theo van Rensburg sien hoe 'n deurslaggewende stelskop die doelpale mis in die Springbokke se toetswedstryd teen die Franse op 3 Julie 1993.**



**Gautengpremier, Tokyo Sexwale, spreek 'n skare toe by die Johannesburgse Hooggeregshof waar mnre Clive Derby Lewis en Janus Walus verskyn het op 'n klag van moord op mnr. Chris Hani (Oktober 1994).**



**Mnr. Nelson Mandela word as President van Suid-Afrika by die Uniegebou in Pretoria ingesweer. Mei 1994.**



**'n Man soek vergeefs na sy vrou wat deur modderslik weggespoel is by Merriespruit, naby Virginia in die Vrystaat. Februarie 1994.**



**Die volmaakte bollemakiesie. Suid-Afrika se Warren Fine stel 'n wêreldrekord op in kaalvoet waterski 1994.**




**Springbok rugbykaptein Francois Pienaar hou die Wêreldbeker omhoog wat hy en sy span op Ellispark in Junie 1995 gewen het.**




**Mick Jagger en die Rolling Stones kom aan op die lughawe Johannesburg in Februarie 1995.**




**Me. Winnie Madikizela Mandela, met haar dogter aan haar sy, gesels met nuusmense oor haar egskeiding van mnr. Nelson Mandela. Maart 1995.**



**Suid-Afrika se swemster, Penny Heyns, stel 'n nuwe wêreldrekord op in die 200 meter borsslag vir vroue in Durban. Maart 1996.**



**In November 1996 het die violis Yehudi Menuhin Suid-Afrika besoek.**



**'n Werklose man stoot 'n motorwrak in Johannesburg na die skrootwerf om geld te verdien. September 1996.**



**All Black rugbykaptein Sean Fitzpatrick lag lekker op Loftus Versveld. Sy span het in Augustus 1996 die Wêreldbekerkampioene (die Springbokke) verslaan.**



**Krieketlegende Jonty Rhodes duik op kenmerkende wyse deur die lug om 'n bal te vang in 'n wedstryd teen Zimbabwe op die Wanderers. Januarie 1997.**




**Die ouers van 'n Chinese kind wat in Junie 1998 tydens 'n rooftog in Johannesburg gedood is. Hulle was deel van 'n groep mense wat aan 'n optog deelgeneem het om 'n versoekskrif aan die regering in Pretoria te oorhandig.**




**'n Werklose Sakkie Odendaal van Boksburg skraap in 1998 glasstukke bymekaar om die pad skoon te maak. Soms het motoriste stilgehou om hom te beloon.**



**Rowers wat ten tyde van 'n mislukte transito-roofpoging in Strydompark doodgeskiet is. Februarie 1998.**



**Die baba Kieran en sy moeder, mev. Alana Polyblank, is verenig. Die baba was in haar motor ten tyde van 'n skaking. Mnr. Frank Newton het die kind bykans twee dae later in die veld raakgeloop waar die motorskakers hom doodeenvoudig afgelaai het. Maart 1999.**



**Sonsondergang Vanderbijlpark, Maart 1999.**